## MNR. SEYMORE VOOR GESKIEDENIS-KONFERENSIE

*Uittreksels uit 'n verwelkomingstoespraak gehou deur Raadslid W. J. Seymore, Burgemeester van Pretoria op 11 Februarie 1956 ter geleentheid van die Konferensie ter Bevordering van die Onderwys van Geskiedenis in ons skole.*

Meneer die Voorsitter, dames en here,

VIR my was geskiedenis altyd die vak waarin ek besonder baie belanggestel het, en waarin ek alles in my vermoë gedoen het om die kinders se belangstelling op te wek. Myns insiens is daar tans sekere leemtes in die manier waarop geskiedenis gedoseer word.

Dit is nie die onderwyser self wat verantwoordelik is nie, maar die stelsel soos dit algemeen voorgeskryf word. Geskiedenis word, soos ek die saak beskou, tans geheel-en-al te ruim, te saaklik en te wetenskaplik gedoseer. Die veld wat gedek moet word, is heeltemal té breed; met die gevolg dat die besonderhede wat die vak interessant maak, weggelaat moet word ten einde daardie ruime veld te kan dek. Die kind moet 'n geweldige groot aantal feite en datums onthou wat nie deur 'n aaneenlopende, menslike verhaal aanmekaar gekoppel word nie.

Dit sou egter ook nie die algehele oplossing wees om net hier een verandering te maak nie. Die onderwyser sal ook sy deel moet bydra deur die geskiedenis op 'n lewendige wyse en met behulp van 'n boeiende verhaaltrant te vertel. Daarbenewens moet hy poog om deur middel van die geskiedenis die kind se liefde vir sy eie land en ook sy nasionale trots aan te wakker. Daar moet meer vertel word en minder aantekeninge geskryf word.

Een van die beste voorbeelde wat ons kan vind hoe om geskiedenis te vertel, is die Bybel. Weliswaar is daar boeke in die Bybel wat nie geskiedenis vertel nie, maar meer met ander aspekte te doen het. Tog vind ons in die Bybel genoeg besonderhede om die geskiedenis-deel daarvan uiters interessant te maak.